



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 26 NOVEMBER 2015 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)

Cleophas, J H (DA)

Cloete, C M (ANC)

Cox-Chetty, Y S (TPICO)

Fortuin, C (ANC)

Geel, B W (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Papers, C H (DA)

Philander, D B (ANC)

Rangasamy, M (DA)

Sneewe, A M (ANC)

Sedeman, A C (DA)

Stanley, B J (DA)

Stemele, O M (DA)

Traut, L (DA)

Van der Merwe, J I (COPE)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Wilskut, W (DA)

Zatu, N S (ANC)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha

wnd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan almal teenwoordig, siende dit die laaste gewone raadsvergadering van 2015 is.

Ds M Adams van die Protestante Kalvynse Gemeente, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beampes wat in die afgelope maand verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die Raad is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Geen

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 27 AUGUSTUS 2015

BESLUIT

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 27 Augustus 2015 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

- 5.1 **NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-
MEESTERSKOMITEE GEHOU 12 AUGUSTUS 2015**
Saamgelees met
**NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 5
AUGUSTUS 2015**
- 5.2 **NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-
MEESTERSKOMITEE GEHOU 9 SEPTEMBER 2015**
Saamgelees met
**NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 2
SEPTEMBER 2015**
- 5.3 **NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-
MEESTERSKOMITEE GEHOU 14 OKTOBER 2015**
Saamgelees met
**NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 7
OKTOBER 2015**

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

- 6.1 **NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP
18 AUGUSTUS 2015**
- 6.2 **NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP
17 SEPTEMBER 2015**
- 6.3 **NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP
20 OKTOBER 2015**

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 **VOORGESTELDE GRONDRUILTRANSAKSIE: SWARTLAND MUNISIPALITEIT / THE ANSTUCY TRUST (OF GENOMINEERDE) (12/2/1-8/10)**

Die Raad het in 2013 'n grondruiltransaksie met *UP Front Investments (Pty) Ltd* en *Schoonspruit Country Estate*, goedgekeur ten einde grond te bekom vir laekostebehuising, sowel as twee erwe in die industriële gebied vir die moontlike verskuiwing van die padkamp van die Departement Openbare Werke.

Voormelde transaksies het nie gerealiseer nie, aangesien *UP Front Investment (Pty) Ltd* gelikwedeer is. Weens die dringendheid om grond te bekom vir die Phola Park laekostebehuisingsprojek het die Raad in 2014 besluit om 'n gedeelte van die Plaas De Hoop no 697 (groot ±16, 23 ha) te onteien teen 'n bedrag van R500 000,00.

Voordat die finale kompensasiëbedrag onderhandel en die onteieningstransport geregistreer kon word, is die Munisipaliteit genader deur 'n ontwikkelaar (mnr Geoff Chait van *The Anstucy Trust*) wat in proses staan om oordrag te neem van die bates in die gelikwedeerde boedel. Mnr Chait beoog om die gedeelte van Schoonspruit vir nywerheidsdoeleindes te ontwikkel, en op die De Hoop-grond 'n uitgebreide dorpsontwikkelingsprojek van stapel te stuur.

8.1/...

Tydens onderhandelinge met die ontwikkelaar is daar ooreengekom om die onteieningsproses 'op ys te plaas', om as alternatief weer oor 'n potensieële ruiltransaksie te onderhandel.

Die Munisipale Bestuurder illustreer, by wyse van 'n elektroniese aanbieding, watter gedeeltes grond geruil staan te word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdh M S I Goliath)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die Verordening insake Oordrag van Kapitale Bates (PK 7394 gedateer 22 Mei 2015) dat die volgende grondruiltransaksie met *The Anstucy Trust* (of genomineerde) aangegaan word (met verwysing na **Aanhangsel B** tot hierdie verslag):

Grond behorende aan *The Anstucy Trust* (of genomineerde):

- Gedeelte A (erf 11280), ± 16.2 ha groot
- Drie ongedienste industriële erwe (Gedeelte C), ± 0.5570 ha groot in totaal

in ruil vir grond behorende aan Swartland Munisipaliteit:

- Gedeelte B ('n gedeelte van erf 11217), ± 5.5 ha groot
- Gedeelte D ('n gedeelte van erf 301), ± 4.2 ha groot
- Gedeelte E ('n gedeelte van erf 301), ± 3.8 ha groot

- (b) Dat die grondruiltransaksie verder daaraan onderhewig sal wees –
- (i) dat die ontwikkelaar die padgedeelte sal bou wat die bestaande Schoonspruit-ontwikkeling met die beplande industriële ontwikkeling verbind (aangetoon by wyse van 'n stippellyn op die kaart tussen Gedeelte B en Gedeelte D), uitgesluit die bou van rivier- en spoorroorgange;
 - (ii) dat die Munisipaliteit 'n *pro rata* kapitale bydrae sal maak aan die ontwikkelaar om, wanneer hy die industriële ontwikkeling van dienste voorsien, ook die drie ongedienste erwe (Gedeelte C op kaart) van dienste te voorsien, gebaseer op die tenders wat ontvang word, maar beperk tot 'n maksimum bydrae van R150 000,00 per erf;
 - (iii) dat die Munisipaliteit 'n proses van stapel stuur om die grond tussen Schoonspruit en Abbotsdale (Restant van Plaas 1133) te onteien vir die daarstel van die verbindingspad (getoon as stippellyn tussen Gedeeltes B en D op die aangehegte plan);
 - (iv) Dat die padgedeelte wat deur die ontwikkelaar gebou moet word, sal moet voldoen aan die standaard van 'n hooftoegangsroete, synde agt (8) meter wyd, geseël met 'n warm mengsel asfalt-afwerking, en voorsien van versperrings- en kanaalrandstene aan beide kante asook 'n volledige stormwaterstelsel en sypaadjies met gruis-oppervlaktes;
- (c) Dat goedkeuring verleen word dat daar in hierdie geval van die mededingingsproses soos vervat in die Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates afgewyk word, en die transaksie deur direkte onderhandeling gefinaliseer word, gegewe die Raad oortuig is dat die transaksie buitengewoon voordelig is vir die munisipaliteit, vir die volgende redes:
- dit in openbare belang (en veral in belang van voorheen benadeelde persone) is om grond te bekom vir laekostebehuisingontwikkeling;
 - dit insgelyks in openbare en in plaaslike ekonomiese belang is om nywerheids-ontwikkeling (en gepaardgaande werksgeleenthede vir die gemeenskap) aan die N7 te help ontsluit;
- (d) Dat die voorgenome ruiltransaksie geadverteer word vir publieke kommentaar en/of beswaar, en belanghebbendes genooi word om teenvoorstelle te maak;
- (e) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag bekleed word om
- (i) te mag handel, in oorlegpleging met die uitvoerende burgemeesterskomitee, met enige besware en/of teenvoorstelle wat ontvang word;

8.1(e)/...

- (ii) die onteining van grond vir die bou van 'n verbindingspad oor die Restant van Plaas 1133 te finaliseer; en
 - (iii) die besonderhede van die beoogde ruilooreenkoms te mag finaliseer;
- (f) Dat die ruilooreenkoms en transport deur die raadsprokureur behartig sal word, en dat die koste verbonde aan die transaksie op 'n 50/50 basis deur die partye gedra sal word;
- (g) Dat daar in die 2016/17 kapitaalbegroting voorsiening gemaak sal word vir die betaling aan *The Anstacy Trust* (of genomineerde) van die kapitale bydrae ten bedrae van R450 000,00 vir die diens van die drie nywerheidserwe (Gedeelte C).

8.2 **VOORGESTELDE GRONDRUILTRANSAKSIE: SWARTLAND MUNISIPALITEIT / DOXA TRUST (12/2/1-8/10)**

Daar is 'n tekort aan ruimte by die bestaande munisipale perseel in Abattoirstraat, Malmesbury waar die magasyn, siviele en elektriese depots asook werkinkels, materiaal, voorrade, toerusting en voertuie onder andere gehuisves word. Die moontlike aankoop van die aangrensende perseel, waarop die Bonwit-fabriek geleë was, is ondersoek om vir toekomstige uitbreiding van munisipale kantore voorsiening te maak.

Nadat die Munisipaliteit 'n aanbod vir die aankoop van die Bonwit-gebou ingedien het, het die eienaars aangedui dat die huurooreenkoms met die bestaande huurder eerder verleng sal word.

Dit is egter noodsaaklik om voorsiening te maak vir addisionele munisipale kantooruimte, en op grond van 'n besluit deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedurende Oktober 2015, het die Munisipale Bestuurder 'n aanvang geneem met onderhandelinge met die eenaar van erf 2737 (3750m²), geleë te Abattoirstraat 12, Malmesbury om moontlik die erf te bekom. Die grootste beweegrede om die grond te bekom is egter nie die verkryging van die ruimte alleenlik nie, maar om 'n gedeelte van erf 2737 te benut om die voetgangers wat tans N7 langs stap, te kan herkanaliseer om daaroor te stap, ten einde via Abattoirstraat by Bokomoweg te kan aansluit.

Gesprekke het dan ook reeds met SANRAL plaasgevind oor die herkanalisering van die voetgangerstaproeite en is erf 2737 – of 'n gedeelte daarvan – ideaal om 'n voetgangersroete te skep.

Die eenaar van erf 2737, *Doxa Trust*, het tydens gesprekke aangedui dat hy gewillig is om genoemde erf te ruil vir 'n geskikte erf vanwaar hy 'n vervoermaatskappy kan bedryf.

Die Munisipale Bestuurder gee 'n elektroniese illustrasie van die belangrikheid om erf 2737 te bekom, veral gegewe die behoefte aan 'n voetgangersroete om aan te sluit by Bokomoweg, en die feit dat hierdie erf reeds informeel vir hierdie doeleindes gebruik word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die Verordening insake Oordrag van Kapitale Bates (PK 7394 gedateer 22 Mei 2015) dat die volgende grondruiltransaksie met die Doxa Trust aangegaan word:

Grond behorende aan die Doxa Trust:

- Erf 2737, Malmesbury (± 3750 m² groot)

in ruil vir enige een of meer van die drie industriële erwe (± 0,5570 ha in totaal) – nadat dit gediens is – wat deur die Munisipaliteit bekom staan te word uit hoofde van die beoogde ruiltransaksie met *The Anstacy Trust* (of genomineerde), tot nagenoeg dieselfde omvang as erf 2737, Malmesbury;

- (b) Dat goedkeuring verleen word dat daar in hierdie geval van die mededingingsproses soos vervat in die Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates afgewyk word, en die transaksie deur direkte onderhandeling gefinaliseer word, gegewe die Raad oortuig is dat die transaksie buitengewone kostevoordele

8.2(b)/...

vir die munisipaliteit inhou, deurdat daar met die verkryging van erf 2737, Malmesbury voorsien word dat die behoeftes aan uitbreiding by die bestaande magasyn in Abattoirstraat ondervang sal word, en dit nie nodig sal wees om grond elders aan te koop om addisionele magasyn-infrastruktuur op te rig en teen gedupliseerde kostes te bedryf nie, asook verder dat 'n gedeelte as 'n voetgangersroete deur SANRAL ontwikkel sal word;

- (c) Dat die voorgename ruiltransaksie geadverteer word vir publieke kommentaar en/of beswaar, en belanghebbendes genooi word om teenvoorstelle te maak;
- (d) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om
 - (i) te mag handel, in oorlegpleging met die uitvoerende burgemeesterskomitee, met enige besware en/of teenvoorstelle wat ontvang word; en
 - (ii) die besonderhede van die beoogde ruilooorenkoms en meer spesifiek die grond wat geruil staan te word, te mag finaliseer;
- (e) Dat die ruilooorenkoms en transport deur die raadsprokureur behartig sal word, en dat die koste verbonde aan die transaksie deur die Munisipaliteit gedra word;
- (f) Dat die voormelde handeling volvoer word sodra daar skriftelike bevestiging van SANRAL ontvang is vir die opgradering van die voetgangers-looparea.

8.3 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 291, ABBOTSDALE AAN DEPARTEMENT OPENBARE WERKE / BOU VAN PADVERBINDING TUSSEN N7 WISSELAAR EN HOOGSTRAAT, ABBOTSDALE (12/2/5/5-8/1)

Die Munisipaliteit is onlangs deur SANRAL genader om laasgenoemde by te staan in onderhandelinge met die St Michaels Primêre Skool in Abbotsdale, aangesien die skoolbeheerliggaam bekommerd is oor die potensiële nadelige uitwerking wat die N7-padverbreding wat tans onderneem word, mag hê met betrekking tot die nabyheid van die N7 tot hul bestaande informele sportfasiliteite, asook met betrekking tot toekomstige uitbreiding van sportfasiliteite op hul eiendom (erf 231, Abbotsdale).

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die gesprekke wat met die onderskeie rolspelers plaasgevind het en dat daar as volg ooreengekom is:

- (a) Die Munisipaliteit, as eienaar van erf 291, Abbotsdale (groot 3.597 ha) wat direk langs die skoolperseel geleë is, dra erf 291 sonder die verhaling van kompensasie direk aan die Departement Openbare Werke oor, vir die skool om in die toekoms benut te kan word vir die ontwikkeling van sportfasiliteite, asook toekomstige skooluitbreidings;
- (b) Uit bogemelde volg dat dit nie vir SANRAL nodig sal wees om 'n gedeelte van erf 231, Abbotsdale te onteien, of – in die alternatief – eers oordrag van erf 291 te neem en op sy beurt aan die Departement Openbare Werke oor te dra nie. In ruil stem SANRAL in om die konstruksie van die padverbinding tussen die voorgestelde N7/Abbotsdale-wisselaar met Darlingweg, Abbotsdale, te onderneem.

BESLUIT

(op voorstel van rdl T van Essen, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

- (a) Dat aangesien erf 291, Abbotsdale nie benodig word vir die verskaffing van die minimum vlak van munisipale dienste nie en as 'surplus' beskou kan word tot die huidige vereistes/behoeftes van die Munisipaliteit, goedkeuring verleen word vir die oordrag daarvan minus die gedeelte wat vir die verbreding van die N7 van SANRAL oorgedra sal word, aan die Departement Openbare Werke, sonder om die betaling van enige vergoeding te vorder;
- (b) Dat, in ruil vir bogemelde oordrag, wat SANRAL in die posisie sal stel om die N7-padverbreding te kan onderneem sonder om die huidige en toekomstige behoeftes van die skool te kompromitteer, die padverbinding tussen die N7-wisselaar en Darlingweg deur SANRAL gebou word wanneer fase 3 van die N7-padverbreding onderneem word;

8.3/...

- (c) Dat die voorgenome transaksie geadverteer word vir publieke kommentaar en/of besware, vir die rekening van die Munisipaliteit;
- (d) Dat die kostes wat verband hou met die hersonering van erf 291, Abbotsdale vanaf onbepaalde sone na gemeenskapsone 2, asook die konsolidasie van gemelde erf met erf 231, Abbotsdale, deur die Munisipaliteit gedra word;
- (e) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om te mag handel met enige kommentaar en/of beswaar wat teen die voorgenome transaksie ontvang word; en
 - (ii) aan die Munisipale Bestuurder om die opstel van 'n drieledige ooreenkoms wat bg. oordrag bewerkstellig en ook die verpligtinge van al die betrokke partye (synde SANRAL, die Departement Openbare Werke en Swartland Munisipaliteit) stipuleer, te mag finaliseer, hetsy deur van die dienste van die raadsprokureur of die regsvertegenwoordigers van SANRAL gebruik te maak;
- (f) Dat SANRAL versoek word om wanneer hulle die werk aan die N7 onderneem, 'n gedeelte van erf 291 op te vul in oorlegpleging met die skool;
- (g) Dat St Michaels Primêre Skool versoek word om die Departement van Publieke Werke in kennis te stel van die oordrag van die grond aan hulle, of – indien hulle dit versoek – dat die Munisipaliteit namens die skool met die Departement van Publieke Werke sal skakel.

8.4 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM PER OPENBARE TENDER: ERF 9302, MALMESBURY (12/2/B)

Daar was die afgelope tyd heelwat belangstelling van die publiek om erf 9302 (groot 7151m²), Malmesbury te bekom. Erf 9302 is 'n gedienste erf en gesoneer vir groepsbehuising as primêre gebruik.

Die eiendom was reeds by twee vorige geleenthede per openbare veilig te koop aangebied, maar in beide gevalle het die verkoop nie gerealiseer nie. Weens die kostes en reëlins wat met openbare veilinge verband hou, wat nie regverdigbaar is ten opsigte van slegs een erf nie, word aan die hand gedoen dat die mededingende bodproses gevolg word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl L Traut, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender gevra word vir erf 9302, Malmesbury;
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom wat te koop aangebied staan te word vir vervreemding as groepsbehuisingserf geïdentifiseer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;
- (c) Dat die reserweprys (BTW uitgesluit) vir die eiendom vasgestel word op R1 232 000,00 BTW uitgesluit, welke reserweprys deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer;
- (d) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
 - te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksie ontvang word; en om
 - die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendom te oorweeg vir aanvaarding al dan nie; en
 - (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur;

8.4/...

- (e) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien erf 9302, Malmesbury onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n 'first come first serve' basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendom op die stadium van vervreemding).

8.5 **VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE ERF 55, MALMESBURY (12/2/5/5-3/1)**

'n Versoek is ontvang vanaf die eienaars, mnr M J Newman en me L Newman, van erf 2679, Malmesbury om 'n gedeelte ($\pm 465\text{m}^2$) van munisipale eiendom, erf 55, Malmesbury aangrensend tot hul eiendom in Auctionstraat te bekom.

Die gedeelte grond waarin die Newmans belangstel, word oor die jare heen deur hulle gebruik om toegang tot hul eiendom te verkry, aangesien daar geen alternatiewe straattoegang is nie.

Die situasie word deur middel van elektroniese kaart deur die Munisipale Bestuurder aan die Raad verduidelik.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl B W Geel)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat 'n gedeelte (groot $\pm 465\text{ m}^2$) van erf 55, Malmesbury uit-die-hand uit aan M J en L Newman (die eienaars van erf 2679, Malmesbury) vervreem word, en wel teen R210,00/m², BTW uitgesluit;
- (b) Dat kennis geneem word dat die gedeelte grond vir residensiële doeleindes gesoneer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;
- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop:
- (i) Die vervreemding van die betrokke gedeelte van erf 55 aan enige ander koper as die Newmans, sal tot gevolg hê dat hulle geen toegang tot hul eiendom (erf 2679) sal hê nie;
- (ii) Indien 'n reg van weg (serwituut) wel in die guns van erf 2679 geregistreer word, sal die oorblywende gedeelte van die betrokke gedeelte van erf 55 nie lewensvatbaar wees vir residensiële ontwikkeling nie;
- (d) Dat dit 'n voorwaarde van verkoop sal wees dat die gedeelte van erf 55, Malmesbury met die kopers se erf (erf 2679) gekonsolideer moet word vir die rekening van die kopers, en dat die kopers verder verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit die kostes rakende die onderverdeling van erf 55, die opstel van 'n verkooppoorenkoms, advertensiekostes, ens.;
- (e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;
- (f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van M J & L Newman bekom word dat hulle tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem;
- (g) Dat die Raad mettertyd sal besin oor die toekoms van die oorblywende gedeelte ($\pm 883\text{ m}^2$ groot) van erf 55 wat weens die onderverdeling van erf 55 as gevolg van voormelde transaksie tot stand kom.

8.6/...

8.6 VERVREEMDING VAN GEDEELTE STRAATRESERVE VAN SENDINGSTRAAT AANLIGGEND AAN ERF 263, RIEBEEK-WES (15/3/6-12)

Die eienaar van erf 263, Riebeek-Wes geniet sedert 2000 die gebruik van die aangrensende gedeelte straatreserve wat tydens die koop van die eiendom as 'n eenheid aan hom voorgehou was, soos elektronies aangetoon deur die Munisipale Bestuurder.

In die proses om die waardasie van eiendomme te bepaal is daar verskeie faktore wat in ag geneem word, onder andere die vrywillige verkope in die omgewing. Omdat daar uiteraard geen verkoop/verhandeling van strate plaasvind nie, plaas die waardeerders gewoonlik 'n ad hoc randwaarde daarop – in hierdie geval R1 000,00.

BESLUIT

(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat 'n gedeelte (groot ± 489 m²) van 'n gedeelte straat van Sendingstraat, Riebeek-Wes uit-die-hand uit aan Mnr Warrick Raubenheimer vervreem word, en wel teen R1 000,00 BTW uitgesluit;
- (b) Dat kennis geneem word dat die gedeelte straat intussen vir residensiële doeleindes gesoneer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;
- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop:
 - (i) Die vervreemding van die betrokke gedeelte van Sendingstraat nie aan enige ander koper as Mnr Raubenheimer, sinvol gedoen kan word nie;
 - (ii) Die feit dat die straat dekades gelede op verkeerde plek gebou is, nie deur die toedoen van die eienaars van erf 263 was nie;
 - (iii) Dat Mnr Raubenheimer reeds meer as R30 000 spandeer het aan die voorgeskrewe administratiewe handeling;
- (d) Dat dit 'n voorwaarde van verkoop sal wees dat die gedeelte van Sendingstraat, Riebeek-Wes met die koper se erf (erf 263) gekonsolideer moet word vir die rekening van die koper, en dat die koper verder verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit die kostes rakende die onderverdeling van 'n gedeelte van Sendingstraat, die opstel van 'n verkooppooreenkoms, advertensiekostes, ens.;
- (e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;
- (f) Dat daar kennis geneem word dat die koper reeds ingestem het tot die uitgawes hieromtrent.

8.7 ADVERTENSIEKOSTE T.O.V. GRONDGEBRUIKSAANSOEKE (5/4/1/1)

Die nuwe beplanningsera in terme van SPLUMA (Spatial Planning Land Use Management Act), LUPA (Land Use Planning Act) en Swartland Munisipaliteit se Verordeninge aangaande Grondgebruiksbeplanning het sedert Julie 2015 op verskeie datums inwerking getree.

Hierdie raamwerk wetgewing het verskeie wysigings genoodsaak, onder andere die inhoud van advertensies met betrekking tot voorgestelde grondgebruiksaanoeke. Die implikasie hiervan is dat die kostes vir advertensies wat deur die plaaslike media gehef word, veel hoër is as die tarief in die tariewelêer van die munisipaliteit.

Daar moet dus 'n nuwe tarief bepaal word vir die advertensiekoste verbonde aan die advertering van 'n voorgestelde grondgebruiksaanoeke, of kombinasie van grondgebruiksaanoeke, en is die nuwe tarief deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 14 Oktober 2015 oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

8.7/...

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die Raad die implementering van die volgende nuwe tarief vir grondgebruiksaanseke in die Swartland soos volg goedkeur:

- Advertising cost (SPLUMA/LUPA/BY-LAW) payable with applications (rezoning, subdivision, consent uses and departures) = R3 300,00; and
 - for a combination of applications add R580,00 per application type.

8.8 NUWE TARIEF: HUISWINKELAANSOEKE (5/4/1/1)

Die Afdeling: Beplanning is tans in proses om eienaars van huiswinkels by te staan om toe te sien dat die huiswinkel wettig op die betrokke eiendom bedryf word.

Tydens gesprekke met die Abbotsdale huiswinkeleienaars het dit aan die lig gekom dat die tariewe om hul bedrywe te wettig nie bekostigbaar is nie. Huiswinkeleienaars is verder ook afhanklik van professionele kundigheid om hul in die voorbereiding van 'n aansoek by te staan en die aansoek te hanteer. Die tariewe wat tans geld, tesame met die tariewe van die professionele persoon, kan tot R10 000,00 beloop.

Die Speaker versoek dat daar oor die aangeleentheid gestem word en word

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

- (a) Dat die Raad die implementering van die voorgestelde nuwe tarief vir huiswinkelaansoeke in die Swartland soos volg goedkeur, soos aanbeveel deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee
 - Vergunningsgebruiksaansoek vir huiswinkel : R520-00 (25% van R2 080-00)
 - Afwykingsaansoek vir huiswinkel : R390-00 (25% van R1 560-00)
- (b) Dat indien die huiswinkeleienaars wel die aangrensende/affekteerde eienaars (soos deur hierdie Munisipaliteit uitgewys) se toestemming bekom, sodanige aansoek nie onderhewig sal wees aan advertensiekoste, provinsiale koerant koste en posgelde nie;
- (c) Dat die Afdeling: Beplanning hul bereid verklaar om huiswinkeleienaars in groepe met die voltooiing van die aansoek te ondersteun.

8.9 FINALE AFBAKENING VAN WYKE VIR DIE 2016 PLAASLIKE VERKIESINGS (17/17/1/1)

Die Munisipale Afbakeningsraad (MAR) het in die loop van 2014 'n proses van stapel gestuur met die oog op die afbakening van wyke vir die 2016 plaaslike verkiesings en is gedetailleerde verslae op beide 27 November 2014 en 29 Januarie 2015 aan die Raad hieromtrent voorgelê.

Die MAR het 'n publieke vergadering gedurende Februarie 2015 op Malmesbury gehou waartydens die voorstelle vir die afbakening van die 12 wyke in die Swartland munisipale gebied voorgelê was. Die finale voorstelle is teen die einde van Julie 2015 deur die MAR voorgelê en was daar 'n tydperk van 14 dae toegelaat om beswaar aan te teken.

Al die relevante inligting is ook aan die wykskomitees gedurende Julie 2015 voorgelê.

BESLUIT

(op voorstel van M van Zyl, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat kennis geneem word dat die grense van die twaalf wyke in die Swartland munisipale gebied deur die Munisipale Afbakeningsraad gefinaliseer is vir doeleindes van die 2016 plaaslike verkiesings.

8.10 LANGTERMYN FINANSIËLE PLAN (2014/2015 – 2018/2019) (5/1/4)

Die Grondwet vereis dat alle sfere van regering finansiële beleide daarstel om nie slegs lewensvatbaarheid te verseker nie, maar ook om die lewering van basiese dienste van 'n hoë gehalte te verseker.

Die Langtermyn Finansiële Plan word derhalwe beskou as een van die belangrikste dokumente van die Raad. Die plan bevat nie slegs verskeie ontwikkelings- en implementeringsplanne vir die voorsiening van basiese dienste nie, maar sal ook die Raad en bestuur kan bystaan om ingeligte besluite te neem ten opsigte van kapitaalprogramme en die befondsing daarvan.

BESLUIT

(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die konsep Langtermyn Finansiële Plan deur die Raad in beginsel goedgekeur word;
- (b) Dat, aangesien die Langtermyn Finansiële Plan as 'n sektorale plan tot die 2016/2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan gevoeg moet word, en die strategieë wat uit die plan voortspruit ook in die Strategiese Hoofstuk van die GOP vervat moet word, die finale goedkeuring van die Langtermyn Finansiële Plan tesame met dié van die GOP sal geskied.

8.11 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENINGE INSAKE: (1) INFORMELE HANDEL EN (2) GELEENTHEDE (1/1)

Die vermelde konsep verordeninge word ingevolge paragrawe 56 en 57 van die nuwe Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings, soos afgekondig in die Buitengewone Provinsiale Koerant, Nr 7501 gedateer 2 Oktober 2015 voorgelê.

Die konsep verordeninge is op 14 November 2015 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

- (a) Dat die konsep verordeninge insake (1) Informele Handel en (2) Geleentheid in beginsel goedgekeur word;
- (b) Dat die konsep verordeninge vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, en paragraaf 59 van die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings vir ten minste 30 dae in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;
- (c) Dat kennis geneem word dat 'n breër konsultasie sal plaasvind met rolspelers betrokke by die reël van geleentheid, vandaar die langer periode tot en met 12 Februarie 2016 vir publieke deelname.

8.12 VERORDENINGE INSAKE DIE HOU VAN VERGADERINGS: BOETES (1/1)

Aangeheg tot die verslag is die boetelys wat met ingang van 1 Januarie 2016 sal geld ten opsigte van oortredinge deur raadslede van sekere bepalings ingevolge die Verordening insake die Hou van Vergaderings.

BESLUIT

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Verordening insake die Hou van Vergaderings reeds in werking getree het op die datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant, naamlik 2 Oktober 2015;

- (b) Dat verder kennis geneem word van die aangehegte skulderkenningsboetes wat deur die Landdros uitgereik is t.o.v. die oortreding van sekere bepalings van die verordening en dat die boetes van krag is met ingang van 1 Januarie 2016.

**GETEKEN:
SPEAKER**